

Drumpels op weg na ons bestemming

In Meimaand vanjaar sal die sesde algemene verkiesing sedert 1994 plaasvind. Rondom die eerste paar demokratiese verkiesings was metafore soos die Nuwe Suid-Afrika en biskop Desmond Tutu se reënboognasie baie gewild. Dit het gehelp om te verduidelik dat ons te midde van 'n oorgang was.

Presies hoe so 'n oorgangstyd lyk, was egter nie duidelik nie. Dit was daarom ook nie toevallig dat die idee van 'n drumpelfase te midde van 'n oorgangstyd toe gewild geraak het nie. Het ons in hierdie verkiesingsjaar, 'n kwarteeu ná 1994, daardie oorgang gemaak en is ons 'n nuwe Suid-Afrika en reënboognasie?

Om die vraag te beantwoord kan dit dalk sinvol wees om oor die idee van 'n drumpelfase (ook genoem liminaliteit) in 'n oorgangstyd te dink. Die woord liminaliteit kom van die Latynse woord *limen* wat drumpel beteken. Mense in 'n drumpelfase is tussenin, op die drumpel, soos 'n seun wat inisiasie deurloop wat nie meer 'n seun is nie en ook nog nie 'n man nie. Die konsep was destyds handig om (sommige) mense te help om hul disoriëntasie ná apartheid, maar met die veronderstelling dat dit gaan oorgaan.

Moeliker belewenisse in ons land wat in verband staan met byvoorbeeld ekonomiese ongelykhede en slegte rasseverhoudings laat mense dikwels steeds verwys na die idee van 'n (uitgerekte) oorgangstyd. Suid-Afrikaners moet vasbyt, die land is maar net nog op pad en sal nog arriveer. Is die idee van een of ander soort bestemming wat nog nie bereik is nie en deur die idee van 'n oorgangstyd en drumpelfase veronderstel word, hoegenaamd nog van waarde?

Bybelkenners kan dalk vermoed dat ons nog 15 jaar oor het voor die oorgangstyd verby is, aangesien dit daardie simboliese 40 jaar neem sodat een generasie (wat baie mor omdat hulle wat vir hulle lekker vleispotte was onthou) letterlik kan sterf voordat 'n nuwe generasie die beloofde land kan binnegaan.

Sielkundiges mag weer aan die hand van die fases van die sterwensproses voorstel dat Suid-Afrikaners in die 1990's in 'n ontkenningfase was, dat ons die fase van woede beleef het, sodat ons weet dat ons nou in 'n tyd van onderhandeling gaan ingaan (byvoorbeeld oor grond) voordat die depressiefase ons tref om uiteindelik aanvaarding tegemoet te gaan. Dan is daar natuurlik ook die postkoloniale denkers volgens wie die beloofde land nie sal verskyn en ons uit ons oorgangstyd sal tree, alvorens die laaste kop en hart in hierdie land, in die woorde van die Keniaanse denker Ngugi wa Thiong'o, nie grondig gedekoloniseer is nie.

Die tradisionele manier van dink oor 'n oorgangstyd en die toepassing daarvan op Suid-Afrika veronderstel 'n liniêre beweging, amper iets soos 'n reis met 'n vaste begin- en eindpunt. 1994 was werklik 'n oorgang en hierdie denke was van groot waarde, maar dit lyk of hierdie manier van dink steeds met ons is. Daar is baie mense wat, soos die donkie op die perdekar in die film *Shrek*, voortdurend vra: "Are we there yet?" Ek dink ons moet die donkie stilmaak deur die idee van 'n drumpel te behou, maar dié van 'n oorgangstyd nou te groet.

Vanuit my baie beperkte (wit en bevoorregte) verstaanshorison, dink ek dinge is tans uiters kompleks. Wanneer ek aan die laaste kwarteeu sedert 1994 dink, kom die beeld by my op van daardie reusetroppe springbokke wat in die verlede oor die vlaktes getrek het en hoe dit moes gelyk het wanneer hulle 'n rivier oorgesteek het. Party is al anderkant (sopnat en half verward), 'n klomp swem nog dat dit klap, 'n lot wag nog om deur te gaan (hulle wil nie eintlik nie, maar volg maar die trop), en intussen vertrap sommige mekaar in die rivier. Tog hou ek nie van die beeld nie, veral omdat dit veronderstel dat ons nog nie het wat ons soek nie.

Miskien is dit van meer waarde om te werk met die beeld dat ons inderdaad as land in 'n drumpelfase is, maar dat daar vele drumpels is. Ook dat verskillende mense en verskillende groepe op verskillende drumpels staan en dat dit wat vir ons in die toekoms wag bes moontlik nog drumpels is. Miskien is, gegewe die groot verskeidenheid van mense met hul uiteenlopende belewenisse wat saam in een land woon, 'n erkenning en waardering van die bestaan van baie drumpels terselfdertyd ook ons bestemming, ons beloofde land.

Dalk is ons toekoms die omhelsing van drumpel-status en spesifiek die omhelsing van 'n veelheid van drumpels. Miskien is daardie Nuwe Suid-Afrika, ons beloofde land wat oorloop van melk en heuning, nie 'n stil land waar alles net ter wille van rus en vrede gedoen word nie, maar 'n raserige drumpelplek. Die melk en die heuning proe ons alreeds in daardie oomblikke wanneer ek erken my drumpel is maar net een drumpel tussen baie ander. Ek proe dit wanneer ek kans sien om op ander se drumpels te gaan staan en te sien hoe lyk die beloofde land vanaf hul drumpels. Ek proe dit wanneer ek ander uitnooi na my drumpel, sodat hulle op hulle beurt weer iets van my perspektief kan beleef. Dít gebeur klaar. Toegegee, dalk is maseu nie my idee van lekker melk nie, maar net so geval die smaak van my sojamelk ook nie almal nie.

Die spektrum van ons Suid-Afrikaanse reënboog word wasig sigbaar wanneer mense aanvaar dat die drumpel inderdaad ons bestemming is. Dis belangrik om dit te omhels, want om aan te hou wag vir iets in die toekoms, kan verhoed dat ek dit raaksien wat reeds daar is.

Cas Wepener is skrywer en akademikus

<https://www.pressreader.com/south-africa/.../281840054979463>